

DOGTERS WORD van kleins af deur middel van stories gewaarsku dat die Waterslang, wat in die Gariëp woon, hulle sal kom vang as hulle te vroeg ryp word, en dan sien hulle hul ouers nooit weer nie: hy is manlik, hy het groen skubbe en 'n rooi tong, sy stert maak woer-woer in die water as hy sy maalgat vorm, hy dra 'n ongeslypte diamant op sy voorkop (met drie wit strale wat daaruit blits) en dié is vasgebind om sy kop en die diamant se skynsel trek die maagdelike meisie hipnoties in voordat hy haar na sy watergrot toe neem. Die Waterslang vang veral meisies wat hulself nie ordentlik kan gedra nie, wat alleen loop in die veld of langs die rivier en wat gereed lyk vir sommer-net-vat ... of wie se ouers nie met hulle traak nie. Meisies moet daarom in groterige groepe loop. Dan sal die Waterslang nie kans sien vir een van hulle nie. Meisies moenie dat die Waterslang agterkom hulle is mooi, uitspattig, sonder die ouer se kommer en "vatbaar" nie. Jou agterstewe en borste moenie koketterig uitstaan nie. Jy moenie oopketel sit nie; jou knieë moet teen mekaar gedruk wees as jy sit, rok onder jou ingevou.

'n Vreemde jongman wat destyds alleen by 'n meisie sou opdaag sonder om die ouers eers te gaan groet of sien, kon dalk die Waterslang wees. Ouers het daarom geweet wie by hul dogters kom kuier het en wanneer. Meisies het dus gesorg dat hulle áltyd geselskap by hulle gehad het en het mekaar só beskerm en met mekaar gepraat. 'n Meisie moes nooit alleen wees nie, nie eens saam met 'n groot man nie, sy moes vroeg gaan slaap, voor die rooi son sak.

Die Waterslang is slinks: Hy sou die meisie met mooi woordjies vry, haar voor hom laat uitloop om haar van agter af te bewonder. Hy sou haar dan al laggende en spelende tot in die middel van die rivier speel. Wanneer sy sterretjies in die oë het (soos dit maar gewoonlik die geval was), sou dit nie lank wees nie of hy verskyn in sy ware gedaante voor haar. Hierdie gedaanteverwisseling sou juis 'n entjie voor die sogenaamde ingang van sy watergrot deur middel van 'n spesifieke maalgatrand wees, sigbaar in die rivier in die rooi-oranje sonsondergang. Nét daar sou hy 'n maalgat met sy woer-woer stert vorm. Daarná sou die jongmeisie, wat dalk van vrees, bewing en beangsdheid nie kan reageer nie, gewilliglik saam met hom deur die rivierbobbels ingesluk word.

Baie ouers wat wel 'n jongmeisie in hul gesin gehad het, het haar dus weggesteek onder die dekmantel van 'n baie streng vader totdat sy na hul sin groot genoeg was om nié deur die verleidende lippetaal van 'n jongman gevang te word nie, om beter te leer aan die voete van die grootmense en om te wag vir grootword. Só het meisies kuis gebly, al loop hulle onder die sleg naam van hoogmoedig-wees, baie van hulleself dink, outyds-wees en so meer.

Met die ontwikkeling in die Richtersveldse gemeenskappe, het die Waterslang later van gedaante verwissel. Dit kan in die vorm van 'n jongman, met 'n swart kerkpak aan, of iemand wat vertrou word, by 'n huis opdaag waar 'n onskuldige maagd woon.

Feit is, die Waterslang se hele voorkoms is 'n uitbeelding van die manlike geslagsorgaan waarteen onskuldige meisies gewaarsku word; sodat hulle heelwat later in hul jong lewens verstandig genoeg is om sélf ingeligte besluite oor hul seksuele lewens te neem.

Dié mitologiese dier, Die Waterslang, is die Richtersveld se antwoord op die voorkoming en vermindering van manlike geslagsgeweld onder dogters en jong meisies.